# Avontuur se tier

**Die afstandmeter van jou voertuig vertel net 'n deeltjie van die volle verhaal. Hier is die storie agter die storie van drie langasems. Een van die voertuie het selfs meer as 400 000 km op die klok!**




## Thinus Kruger se 2000 Mitsubishi Pajero 3.2 DiD

**Op die afstandmeter?**
367 000 km. Dis moeilik om te skat, maar ek dink meer as 100 000 km was in die veld.

**Hoeveel eienaars?**
Ek is die tweede eienaar.

**Hoeveel het dit gekos?**
Ek het in 2007 R150 000 hiervoor betaal. Dit was doodstandaard toe ek dit gekoop het.

**Hoekom 'n Mitsubishi?**
Ons toer al vir 18 jaar. Ek het al die fabrikate probeer en in 2000 my eerste Mitsubishi gekoop. Sedertdien ry ek niks anders nie. My vrou ry ook een, maar die kortasafstandmodel.

**Het dit 'n bynaam?**
Bos Toe.

**Waar was jy al daarmee?**
Ons was al in Zambië, Namibië (by die Kunenerivier en Van Zylspas), Botswana, die noorde van Mosambiek, Swaziland en Malawi.

**Jou droombestemming?**
Oor twee jaar wil ek met haar van die Kaap tot in Kaïro toer. Ek speel met die gedagte om haar daar te verkoop, terug te vlieg en 'n nuwe een te koop.

**Onklaar?**
Ek het nog net een keer langs die pad gestaan as gevolg van 'n wielnaaf wat onklaar geraak het.

**Herstelwerk tot nou toe?**
Ek het verlede jaar te hore gekom van 'n Pajero wat met 75 000 km op sy toereteller omgeval het. Ek het die enjin toe sowat 13 000 km gelede ingesit. Verder is net die gewone slytasiegoed soos remskoene, veringrubbers en skokbrekers.

**Modifikasies?**
Meganies is niks verander nie. Ek het my eie kronkelvere laat maak en naverkopeskokbrekers en 'n snorkel laat insit. Verder ek het my eie voorbuffer met 'n wenas op en 'n laaistelsel gebou. Die voertuig het ook 'n dubbelbatterystelsel, 'n 80 liter-watertenk, 'n dakrak, 33 x 12.5 x 15"-bande met 10J-velings, 'n 29 Hz-tweerigtingradio, 'n Waeco-yskas (50 liter), dakkolligte en hoogligdomkragpunte.

**Waarvan hou jy?**
Enigiets wat beteken ek en my gesin kan in die natuur wees. Ek was al in 12 Afrika-lande. Dit maak my die gelukkigste om na aan die natuur te lewe.

**En waarvan nie?**
Mense wat nie die padreëls gehoorsaam nie en medenatuurliefhebers wat nie kan teruggroet as 'n mens verby hulle ry nie.

**Beste herinnering?**
Elke keer dat ek met hom die pad vat, is 'n wonderlike ervaring. As ek een moet uitsonder, is dit een van ons Kunene/Marienfluss-ritte waar ek die ander ouens 'n paar keer moes uithelp. Dit het heeltyd ge-*spin* soos 'n Siamese katjie.

**Wat pak jy vir 'n lang tog?**
Kyk, pak kan ons pak … My vrou, twee dogters en 'n seun ry saam. Ek sal maar sê my Garmin 276C.

**Met R10 000 …**
Ek wil nie juis veel ekstra doen aan Bos Toe nie. As ek die geld het, sal ek sy wielboë professioneel laat breër maak. In dié stadium gooi hy die voertuig toe met modder.

**WEN!**




**Tyrone Gilbert** wen 'n CTEK ZAFIR 90A EU-batterylaaier ter waarde van R930. Dié batterylaaier is ideaal om 12 V-batterye van 1,2 tot 90 Ah vir voertuie, motorfietse en ander toepassings te laai. Besoek **www.ctek.co.za** vir inligting.